Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Wayne A Blauw**
Direktoraat: Inrigtingsbestuur-en-beheer
Wayne.Blauw@westerncape.gov.za | 021 467 2557

Lêerno.: 26/1/P
Verwysing: 20240227-2025

Omsendbrief: 0005/2024
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure: Distrikskorporatiewe Dienste, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer en Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame by openbare skole

Kort opsomming: *Duidelikheid aan prinsipale en beheerliggame oor hul regspligte ten opsigte van politieke aktiwiteite in skooltyd.*

**Onderwerp: Verbod op politieke aktiwiteite in skooltyd**

1. Die doel van hierdie omsendbrief is om aan prinsipale, personeellede en lede van beheerliggame by openbare skole duidelikheid te gee en hulp te verleen oor: (a) hoe om politieke aktiwiteite in skooltyd en/of op skoolterreine te bestuur; en (b) hul regspligte, om te verseker dat hulle die toepaslike wetgewing nakom. Hierdie omsendbrief is voort daarop gemik om seker te maak dat partypolitieke aktiwiteite nie inbreuk maak op onderrigtyd nie, dat skooltyd slegs vir opvoedkundige aktiwiteite gebruik word, en dat onderrig ooreenstem met die regspligte van politieke onpartydigheid ingevolge bestaande statutêre vereistes.

2. Die toepaslike bepalings van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASW), 1996 (Wet 84 van 1996), wat 'n verbod plaas op politieke aktiwiteite op skoolterreine in skooltyd, is in artikel 33A van die SASW vervat. Soortgelyke bepalings is in artikel 46(B) van die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys (Provinsiale Wet), 1997 (Wet 12 van 1997) vervat.

3. Artikel 46B(5) van die Provinsiale Wet omskryf **skooltyd** as "*die tye van die skooldag soos bepaal deur die beheerliggaam kragtens artikel 21A (1)(g), en enige ander tyd waartydens kurrikulêre of ekstrakurrikulêre aktiwiteite op die skoolterrein plaasvind*". Artikel 21A(1)(g) van die Provinsiale Wet bepaal dat die beheerliggaam van 'n openbare skool "*die tye van die skooldag bepaal in ooreenstemming met enige toepaslike diensvoorwaardes van personeellede by die skool*".

4. Artikel 33A van die SASW bepaal dat geen partypolitieke aktiwiteite in skooltyd by 'n skool mag plaasvind nie. Partypolitieke aktiwiteite sluit in, maar is nie beperk nie tot—
   (a) veldtogvoering;
   (b) die hou van byeenkomste;
   (c) die verspreiding van pamflette en strooibiljette;
   (d) die hang of opsit van plakkate en baniere;
   (e) stemwerwery deur 'n lid van 'n politieke party of skoolbesoeke wat met partypolitieke aktiwiteite verband hou;
   (f) die vertoon van materiaal van 'n partypolitieke aard op die skoolterrein, tensy sodanige partypolitieke materiaal verband hou met die kurrikulum by die skool;
   (g) die dra van enige politieke regalia of kleredrag wat partypolitieke boodskappe verkondig;
   (h) partypolitieke toesprake; en
   (i) die gebruik van skooltoerusting om politieke strooibiljette te fotokopieer of e-posboodskappe met partypolitieke inhoud van die skool se rekenaars te stuur en te ontvang.

5. Die bepalings in die wetgewing waarna in hierdie omsendbrief verwys word, veronderstel dat die volgende geld wanneer politiek en politieke vraagstukke as deel van die kurrikulum of burgerlike opvoedingsprogramme onderrig word:

5.1 Opvoeders moet onpartydig en neutraal bly wanneer politieke vraagstukke in die klaskamer en by die skool bespreek word.

5.2 Dit is verbode vir 'n opvoeder om sy of haar persoonlike politieke standpunte in skooltyd met leerders te deel.

5.3 Leermateriaal behoort nagegaan te word om te assesseer of dit geskik is vir die ouderdom van die leerders, of dit gebalanseerde standpunte bied en nie polities bevooroordeeld is nie.

5.4 Die gedeelde demokratiese waardes wat die grondslag van ons samelewing vorm, soos weerspieël in die Handves van Regte wat in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, vervat is, moet deur skole versterk word.

6. Aangesien die SASW en die Provinsiale Wet slegs 'n verbod plaas op partypolitieke aktiwiteite in skooltyd, veronderstel dit dat hierdie aktiwiteite buite skooltyd mag plaasvind. Beheerliggame mag besluit of hulle politieke aktiwiteite op die skoolterrein buite skooltyd sal toelaat. Sodra toestemming hiervoor egter verleen is, mag die skool nie hierdie partypolitieke aktiwiteite adverteer nie, en moet op redelike wyse sorg dra dat dit nie die indruk skep dat die skool die aktiwiteite borg of bekragtig nie. Die beheerliggaam mag in ooreenstemming hiermee partypolitieke aktiwiteite op die volgende voorwaardes toelaat:
   (a) Toestemming moet skriftelik verleen word en 'n ooreenkoms moet met die organiseerders van die aktiwiteite onderteken word.

(b) Politieke aktiwiteite moet nie inbreuk maak op die akademiese of ko-kurrikulêre programme wat gedurende daardie tyd by die skool plaasvind nie.

(c) Die toepaslike verordeninge, wat verordeninge insluit wat met permitte vir byeenkomste, veiligheidsvereistes en beperkings op geraasvlakke verband hou, moet deur die organiseerders nagekom word.

(d) Die skool moet elke moontlike poging aanwend om te verseker dat daar genoeg parkeerplek op die skoolterrein is vir persone wat enige politieke aktiwiteit bywoon. Dit is om te verhinder dat persone buite die skoolterrein parkeer en sodoende die vloei van die verkeer in die woonbuurt ontwrig.

(e) Die politieke party wat 'n aktiwiteit organiseer, moet beamptes en veiligheidswagte beskikbaar stel om voor, tydens en na afloop van die aktiwiteit orde en dissipline te handhaaf.

(f) Geen alkohol mag voor, tydens of na afloop van 'n aktiwiteit op die skoolterrein verbruik word nie.

(g) Geen dwelmmiddels mag voor, tydens of na afloop van 'n aktiwiteit op die skoolterrein gebruik word nie.

(h) Dit is verbode om voor, tydens of na afloop van 'n aktiwiteit buite die skoolterrein te sing of te dans.

(i) Die organiseerders moet verseker dat geen persoon wat sigbaar onder die invloed van alkohol of dwelmmiddels is, 'n aktiwiteit bywoon nie.

(j) Die organiseerders moet verseker dat die voorgeskrewe gesondheids- en veiligheidstandaarde nagekom en gehandhaaf word.

(k) Die organiseerders moet verseker dat die kapasiteit van al die lokale wat gebruik word, nie oorskry word nie.

(l) Die organiseerders moet in kennis gestel word van die gedeeltes van die skool waar toegang verbode is en kennisgewings moet vertoon word om te verseker dat die persone wat die byeenkoms bywoon, hierdie vereiste nakom.

(m) Die organiseerders moet verseker dat alle partypolitieke materiaal wat met die aktiwiteite verband hou, direk na afloop van die aktiwiteite verwyder word.

7. Dit is toelaatbaar vir lede van die nasionale en/of provinsiale parlement om as deel van parlementêre oorsig skole te besoek. Dit is egter belangrik om daarop te let dat geen lede van die nasionale en/of provinsiale parlement partypolitieke regalia mag dra of partypolitieke toesprake in skooltyd by skole mag lewer nie.

8. Geen partypolitieke toesprake of veldtogmateriaal mag in skole se nuusbriewe en op skole se webwerwe of sosialemediaplatforms gepubliseer word nie, aangesien dit die persepsie kan skep dat die skool dit goedgekeur het. Dit geld ook vir boodskappe op enige advertensieborde en reklameborde wat vir advertensiedoeleindes op skoolterreine geplaas of opgerig word of op skoolterreine geleë is.

9. Die bepalings in die wetgewing waarna in hierdie omsendbrief verwys word, plaas die verantwoordelikheid op beheerliggame om te verseker dat skooleiendom, ook vir kommersiële doeleindes, op so 'n manier benut word dat dit aan al die toepaslike wetgewing voldoen.

10. Versuim om te verseker dat die vereistes in hierdie omsendbrief nagekom word, kan daartoe lei dat dissiplinêre maatreëls ingestel word teen oortreders wat in diens is van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement, of diegene wat deur die beheerliggaam van die betrokke skool aangestel is.

11. Hierdie omsendbrief herroep en vervang Omsendbrief 0047/2013 in sy geheel.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2024-02-29